SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SOUTH AFRICAN TEACHERS' UNION
Nasionale Kantoor / National Office

SAOU

Nuusbrief / Newsletter

012 436 0900 / 086 072 6843 012 348 9658 saou@saou.co.za

NUUSBRIEF 41 NEWSLETTER **28/07/2015**

SAOU KOMMUNIKASIE OPNAME

Om te verseker dat ons kommunikasie te alle tye relevant en toepaslik is, sal die SAOU graag u mening oor die Unie se kommunikasie met sy lede wil toets.

Dit sal waardeer word indien lede 5 minute sal neem om hulle opinies te registreer deur die kommunikasie vraelys op die SAOU se webwerf te voltooi. Klik hier vir direkte skakel.

U mening is vir ons baie belangrik.
Voltooi asb die vraelys voor of op
7 Augustus 2015.

SAOU COMMUNICATION SURVEY

In order to ensure that our communication remains at all times relevant and appropriate, the SAOU would like to test your opinion in regard to the Union's communication with members.

We would be pleased if members would take 5 minutes to register their opinions by completing the communications questionnaire on the SAOU website. Click here for direct link.

Your opinion is important to us.
Please complete the questionnaire before or on **7 August 2015**.

16de JAARLIKSE NASIONALE ONDERWYS-TOEKENNINGS 2015

Die Nasionale Onderwystoekennings, nou reeds in die 16de jaar, het reeds afgeskop en die elektroniese boekies met inligting oor die kategorieë en kriteria, sowel as die nominasievorms is op die Departement van Basiese Onderwys se webwerf (www.education.gov.za) beskikbaar. Vir gemaklike toegang, kliek op gemelde skakel.

Die sluitingsdatum vir nominasies word deur die onderskeie Provinsiale Onderwysdepartemente bepaal.

SAOU lede het in die verlede uitstekend presteer en die SAOU wil graag skole aanmoedig om deel te neem. Skole word ook aangeraai om seker te maak dat al die nodige dokumentasie en handtekeninge soos vereis word, volledig is om diskwalifikasie te vermy.

Alle dokumentasie moet in Engels voorberei word, aangesien dit ook die taal van die onderhoude sal wees. Die SAOU onderneem om soos in die verlede, deelnemers by te staan met 'n werkswinkel rondom onderhoudsvaardighede.

Die nasionale rondte van beoordeling sal teen einde Januarie 2016 plaasvind, waarna die nasionale wenners tydens 'n gala-aand, geskeduleer vir vroeg in Maart 2016, aangekondig word.

Vir enige verdere navrae in die verband, kontak Babette le Roux by babettelr@saou.co.za

16th ANNUAL NATIONAL TEACHING AWARDS 2015

The details of the 16th Annual National Teaching Awards are now available. An electronic booklet with information on the relevant categories and criteria, as well as the nomination forms, are available on the Department of Basic Education's website (www.education.gov.za). Click on the address for easy access.

Please take note that the closing date for nominations will be determined by the Provincial Departments of Education.

SAOU members performed exceptionally well over the past few years and the SAOU wishes to encourage teachers to participate again this year. To avoid disqualification, schools are advised to adhere strictly to documentary and signature requirements.

All documentation must be in English as this will be the language of the interviews. As in the past, the SAOU will provide support to participants by means of a workshop that will focus on interview skills.

Adjudication at the national level will take place during the last week of January 2016. The national winners will be announced at a prestigious gala event scheduled to take place early in March 2016.

For any queries in this regard, contact Babette le Roux at babettelr@saou.co.za

Noordelike Helpmekaar Studiefonds vir bekostigbare studielenings

(www.nhsf.org.za)

BEKOSTIGBARE STUDIELENINGS

toekoms...

Die Noordelike Helpmekaar - studiefonds bied bekostigbare **studielenings** aan om voornemende studente hul drome te help bereik.

Benut hierdie kans en verseker 'n blink en belowende toekoms vir jouself. Al wat jy moet doen, is om aansoek te doen vir 'n **studielening**.

Die Noordelike Helpmekaar - studiefonds het al meer as 2 000 studente ondersteun en is ook by die Nasionale Kredietreguleerder geregistreer.

vrae...?

Wie kan kwalifiseer vir 'n studielening?

- Almal wat in Gauteng, Noord - Wes, die Vrystaat, Limpopo en Mpumalanga matriek geslaag het met minstens 50%.
- Almal wat by 'n instansie wil studeer wat by die SA Kwalifikasie Owerheid geakkrediteer is.
- Almal wat kan voldoen aan die keuringsvereistes van Helpmekaar (bv. borge wat sekuriteit kan aanbied).

Hoeveel geld is beskikbaar?

- Minstens R 50 000 per jaar vir die normale duur van jou studies.
- Bykomende meriete toekennings word ook van tyd tot tyd aan top-presteerders gemaak.

Hoe word die lenings uitbetaal?

- Uitbetalings word aan die student self gedoen en nie aan die universiteit of kollege nie, in teenstelling met wat die meeste ander leningsinstansies doen.
- Geld word in twee paaiemente uitbetaal: 50 % van die lening kry jy in Februarie nadat bewys van registrasie by jou studie-instansie ontvang is en die tweede paaiement word betaal wanneer jy jou Junie-uitslae verskaf.

Wat is die rentekoers?

- Prima minus 3 persentasiepunte terwyl jy studeer. Hierdie rente word maandeliks by die leningsbedrag gehef en bygevoeg. Na voltooiing van jou studies word rente getel teen die primakoers.

Wat is die vereistes?

- 2 Borge, hetsy jou ouers / voog of ander bevoegde persoon.
- 'n Borg moet 'n vaste inkomste hê en ook vaste eiendom besit.
- Aansoekvorms is by die kantoor beskikbaar of op die internet by:

  www.nhsf.org.za

- Saam met jou aansoek is die volgende dokumente nodig:
  - 'n Afskrif van jou ID-boekie
  - Getuigskrifte van jou skoolhoof en predikant.
- Aansoeke sluit jaarliks **31 Augustus**

011 782 9160 / nhsfonds@mweb.co.za / www.nhsf.org.za